DEEL 117 | WEEK 9 | 28 FEBRUARIE 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Huis Bron-van-Heil nie in sakeredding




Inwoners van Huis Bron-van-Heil en publiek is in rep en roer na gerugte dat die bejaarde tehuis moontlik onder vrywillige sakeredding geplaas moet word. Hierdie kommer is aangevuur deur 'n prokureurs brief gedateer 10 Januarie gerig aan mnr. Jannie Jansen, voorsitter van Heilbron Bejaardesorg waarin Riaan Agenbag 'n geregistreerde Sakereddingspraktisyn van Heilbron van voorneme is om die Huis Bron-van-Heil in vrywillige sakeredding te plaas.

Na ontvangs van die brief het die voorsitter mnr. Jansen en die direksie van die bejaardesorg 'n dringende vergadering op 14 Februarie gehou.

In 'n prokureursbrief aan Agenbag se regsverteenwoordigers word die aanbod om onder vrywillige sakeredding geplaas te word, verwerp. Volgens die prokureurs brief wat aan die voorsitter van die direksie van Huis Bron-van-Heil gestuur is en aan die Heilbron Herald voorgelê is, word die volgende stellings gemaak. Mnr. Agenbag deur verskeie geaffekteerde partye van die tehuis genader is. Die algemene bekommernis is dat die tehuis uiters swak bestuur word, veral vanuit 'n finansiële oogpunt.

*Berig volg op bladsy 2*









# Huis Bron-van-Heil nie in sakeredding

*vervolg vanaf bladsy 1*

Voorts word ook beweer dat na aanleiding van Agenbag ondersoeke na die tehuis en sy sake, dit duidelik is dat korporatiewe bestuur ernstige tekortkominge het. Van die 11 aktiewe direkteure wat gelys is, is 2 oorlede, en 'n verdere 3 het aangedui dat hulle bedank het en hulself as bedank beskou. Geen van hierdie rekords is bygewerk nie. Die tehuis word tans uitsluitlik deur Voorsitter van die Raad, saam met die Algemene Bestuurder (wat nie 'n direkteur van die tehuis is nie), bestuur en geadministreer. Besluite wat deur voorsitter en die Algemene Bestuurder geneem is, het direk daartoe gelei dat die tehuis in finansiële nood verkeer, met soveel as 12 inwoners wat reeds vertrek het en minstens 3 wat ernstig siek is. Dit het gelei tot 'n vinnige agteruitgang van die tehuis se finansies, en hierdie agteruitgang duur onverpoosd voort onder huidige toesig en met die onbeperkte magte van die Algemene Bestuurder. Wat hom verder kommer, is dat die Algemene Bestuurder, 'n dame sonder enige formele finansiële opleiding, in beheer is van die entiteit se finansies.

Daar is 'n stemboodskap waarin Agenbag op Donderdag, 21 November 2024, met vyf van die (wat hy noem) oorlewende en geregistreerde direkteure van Heilbron Bejaardesorg in gesprek tree oor die aangeleentheid.

Huis Bron-van-Heil se direksie het ook 'n amptelike mediaverklaring uitgereik om die stand van sake te verduidelik.

*"Die Direksie van Heilbron Bejaardesorg (Huis Bron-van-Heil) neem kennis daarvan dat Mnr. Riaan Agenbag sedert November 2024 probeer om bestaande en afgetrede lede van die Direksie van Huis Bron-van-Heil te oortuig om 'n dokument te onderteken waarin versoek word dat Heilbron Bejaardesorg onder vrywillige besigheidsredding geplaas word. 'n Brief is ook deur Mnr. Agenbag se prokureurs aan die Direksie van Heilbron Bejaardesorg gestuur waarin gedreig word met regstappe indien die tehuis nie 'n besluit neem om vrywillig onder besigheidsredding geplaas te word nie, uiteraard met Mnr. Agenbag as besigheidsreddingspraktisyn.*

*So 'n besluit sou behels dat Mnr. Agenbag aangestel word as besigheidseddingspraktisyn teen 'n tarief van R1 250 per uur vir die volle duur van die tydperk van besigheidsredding. Volgens Mnr. Agenbag sal hy ook erwe in Huis Bron-van-Heil aanvaar as betaling maar kan ook oorweeg om die ouetehuis oor te neem en dit as 'n privaatonderneming vir winsbejag te bedryf as die ouetehuis nie sy tarief kan bekostig nie.*

*Huidig word Heilbron Bejaardesorg bedryf deur verteenwoordigers wat aangewys is deur die stigterkerke in Heilbron, wat bestaan uit die twee NG Kerke, Hervormde Kerk, Gereformeerde Kerk, AP Kerk en die AGS Kerk, wie dan optree as Direkteure van die ouetehuis sonder enige vergoeding en is die kerke ook verantwoordelik om pa te staan, sou daar enige finansiële of ander probleme opduik wat die direksielede nie kan oplos nie. Behalwe vir 'n dispuut met Ngwathe Munisipaliteit, skuld die ouetehuis geen ander verskaffer nie en salarisse word stiptelik elke maand betaal. Die ouetehuis se bates oorskry verder sy laste met meer as vier miljoen Rand en besigheidsredding is dus totaal onnodig.*

*Na deeglike oorweging het die Direksie op 14 Februarie 2025 'n vergadering met sy lede gehou waar meeste van die Leraars van die Stigterskerke in Heilbron sowel as die Ouditeure van Heilbron bejaardesorg, Potgieter en Vennote en ander belanghebbendes teenwoordig was. Daar is bevind dat daar geen geldige rede bestaan om die organisasie onder vrywillige besigheidsredding te plaas nie. Die direksie het daarom 'n prokureursbrief aan Mnr. Agenbag se prokureurs gestuur waarin die aanbod formeel van die hand gewys is.*

*Die gerugte wat die afgelope tyd die rondte doen is kwaadwillig en daar is geen rede tot kommer nie. Die Direksie van Heilbron Bejaardesorg bly verbind tot die welstand en volhoubaarheid van Huis Bron-van-Heil en sal voortgaan om in die beste belang van sy inwoners en personeel op te tree."*

Agenbag was deur die Herald genader vir kommentaar maar het dit van die hand gewys.

Die situasie rondom Huis Bron-van-Heil bly 'n brandpunt van besprekings, maar die direksie bly standvastig in hul besluit om die instansie onafhanklik en vir die belang van die inwoners te bestuur.

## UIT DIE PEN: Week 9

Ek wonder baie hoekom 'n mens moet wag?

Jy wag vir die volgende naweek. Jy wag vir uitslae. Jy wag vir 'n aansoek wat ingestuur is. Jy wag vir die dominee wanneer jy kerk toe gaan. Jy wag op die Here se antwoord op gebed.

Jy wag by die restaurant vir die spyskaart en nà jou bestelling wag jy vir die kos.

Jare gelede het ons vir 'n hooflynoproep gewag en nie so lank gelede het ons vir die dial-up modem gewag.

Jy wag vir die verkeerslig om groen te word (wel, die meeste van ons doen dit, dink ek). Jy wag vir die dag waarop jy 'n bestuurslisensie kan kry. Jy wag vir jou bestuurslisensie wanneer jy dit gaan hernieu.

Jy wag vir jou ID kaart en paspoort, en as jy na sekere lande wil reis, wag jy vir 'n visum.

Jy wag in die ry by die winkel. Sommige winkels het lang kronkelpaadjies waardeur jy jou winkeltrollie (die ene met die wiele wat hulle eie lewe het) moet beweeg en daarop konsentreer om nie al die lekkers van die rak af te stamp nie. En om nie in die tannie voor jou vas te ry nie.

Jy wag dat iemand vir jou instruksies gee of jy wag vir die uitkoms van iets wat jy gedoen het. Soms wag jy letterlik jou hele lewe lank daarvoor.

Jy wag by die dokter en by x-strale. Orals is daar wagkamers, kompleet ingerig met sagte stoele en tydskrifte. So asof hulle weet dat hierdie 'n lang sit gaan wees. Ek dink jy wag selfs by die begrafnisondernemer. Jy weet net nie daarvan nie.

Wag, wag, wag. Dit kan ons goed doen. Of kan ons?

Toe my gryse ma op 23 Desember 2024 in die Moot se hospitaal opgeneem is, het ek langs haar bed by ongevalle gewag. En gewag. En nog gewag. My goeie man het in die wagkamer gewag. Ek het tussendeur die koerant gelees, later die advertensies gelees en die hele Facebook deurgetrap. Sy was seker vier ure in ongevalle voordat sy in 'n saal opgeneem is.

Gedurende hierdie wagtydperke is daar allerhande scenarios wat in jou kop afspeel. Ek weet nie of jy ook so is nie: my kop soek altyd die ergste situasie. Dis so asof ek vir my geheue sê: Wat was die liederlikste gebeurtenis in jou lewe? Kom ons vermenigvuldig dit met twaalf en dan het ons die ergste uitkoms ooit. Hoe meer jy dit oordink, hoe erger word die dinge waaraan jy dink.

Ons kan nie die wagtydperke uit ons lewens uitsny nie. Orals gaan ons wag. Daarvan kan ons nie wegkom nie.

Die maatskappy waarvoor ek werk, ondergaan tans herstrukturering. Ek het lankal daarmee vrede gemaak. Aanvanklik is daar gesê dat ons op hierdie of daardie datum 'n lys van poste gaan kry waarvoor ons opnuut kan aansoek doen.

Ons het gewag en gewag. Twee weke nà die beplande tyd het ons die lys van moontlike poste gekry. Ek het spesifiek gevra of ons weer deur dieselfde proses sal gaan soos wanneer jy vir die eerste keer aansoek doen. Aansoek, kortlys en dan onderhoude. Nee, nooit, daar gaan geen onderhoude wees nie.

Min het ek geweet.

'n Kort e-pos bereik my: jou onderhoud is Vrydag om 11:00. O, jinne, meneer, dink ek. Ek verstaan nie van die onderhoud nie. Die menslike hulpbronnebestuurder het dan gesê dat daar geen onderhoude sal wees nie.

Daar is vier mense wat vòòr my vir 'n halfuur geskeduleer is vir hulle onderhoude. Hulle oorskry hulle tyd, en die menslike hulpbronnemens laat weet my dat ek Maandag om 09:00 aan die beurt sal kom.

Dankie, broer, wou ek sê. Nou moet ek langer wag en langer worrie.

Maandag om 08:55 is ek gereed vir die onderhoud. Sover as wat ek myself kon voorberei.

Hulpbronneman kom sê dat ek net so bietjie moet wag, want hulle wil net eers iets anders bespreek. Ek wag weer.

Die onderhoud duur 'n volle 45 minute. "Ons sal jou laat weet."

Waar ek hier sit en skryf, het ek nog niks gehoor nie. Ja, ek wag al weer.

Ek kon myself darem programmeer dat ek nie aan die ergste scenario dink nie. Net die feit dat ek, en my kollegas, nog nie uitsluitsel gekry het nie, laat my sommer sidder.

Ons wag nog.

Ek wens vandag dat ons "beter" kan wag. Dalk moet ons onsself leer om elke minuut van die dag onsself besig te hou, want wag is leë ure wat verbygaan. Nee, dit sleep letterlik verby.

Lank gelede het my tannies hulle kampstoele en hekelwerk saamgevat wanneer hulle in die tou by die kliniek gaan sit het. Dit was soos hulle maandelikse kuier, want die kliniekgangers het mekaar al geken. Hulle het stories en hekelpatrone uitgeruil. Hulle was glad nie haastig nie, want hulle het die hele dag rondom die kliniekbesoek beplan.

Maar hulle het ook nie ander werk gehad nie. Dit het dit dalk makliker gemaak.

Wat maak jy met jou gedagtes wanneer jy wag?

Ek bid elke oggend die wapenrusting. Een van die elemente van die wapenrusting is die helm van verlossing. Dit is daar om ook jou gedagte te beskerm teen die negatiewe gedagtes wat in jou brein kom nesmaak. Wanneer my gedagtes afdwaal, probeer ek in my kop kyk en vir myself sê: "Hierdie is nie 'n positiewe gedagte nie."

Nee, ek is nie altyd suksesvol nie. Ek sien dat dit oefening kos en dat jy jouself daagliks moet herinner dat jou gedagtes jou nie moet bang maak nie. Selfs terwyl jy wag.

Ek weet nou nog nie of ek in enige pos aangestel gaan word nie. My gedagtes daaroor is neutraal: Wat gaan gebeur, sal gebeur. Maar ek sal nooit, ooit alleen staan nie.

Ek dra my helm van verlossing. Ek probeer die gedagtes blokkeer.

Maar wag is steeds niks lekker nie.

# Huldeblyk aan Neels van Wyk

Die gemeenskap van Heilbron is in diepe rou na die afsterwe van 'n geliefde vriend, eggenoot, vader en gemeenskapsman, Neels van Wyk. Sy heengaan het 'n groot leemte gelaat, 'n plek wat moeilik gevul sal word. Neels was 'n man met 'n hart van goud en 'n gees wat altyd helder geskyn het.
Neels is Woensdag in Alberton oorlede na 'n fratsongeluk wat sy voet beseer het. Alhoewel sy lewe te vroeg kortgeknip is, bly sy nalatenskap lewendig in die harte van almal wat hom geken het. Gebore in Knysna, het Neels sy loopbaan by Clover begin, 'n werk wat hom later na Louwna geneem het. Dit was daar waar hy sy lewensmaat, Baby, ontmoet het. Hulle huwelik van 53 jaar is geseën met twee kinders en was 'n toonbeeld van liefde en toewyding.
Neels en Baby het later na Heilbron verhuis, waar hy gou deel geword het van die stof en siel van die gemeenskap. Hy was 'n man met 'n oop hart en 'n geselsie vir almal. Sy werkersgees was onverbeterlik – selfs op 'n 82-jarige ouderdom kon hy enige jong man onder die tafel in werk. Hy was altyd bereid om te help, maak nie saak met wat dit was nie. Een van sy grootste passies was visvang in Suidwes. Hy het na raming sowat 60 keer daarheen gereis om sy geliefde stokperdjie te beoefen. Net-trek visvang was nog 'n groot liefde van hom, maar sy passie vir rugby het sy familie en vriende die meeste laat glimlag. Sy dogter, Hannelie, onthou hoe hy met kinderlike opgewondenheid elke wedstryd gevolg het en nooit een misgeloop het nie.
In hierdie tyd van hartseer wil die familie graag hul opregte dank betuig aan die mediese personeel, Netcare se paramedici, die helikopterpersoneel en die ICU-span in Alberton wat met soveel sorg en deernis gehelp het.
Neels van Wyk was 'n pilaar van sy gemeenskap, 'n man van eer en 'n vriend vir almal. Sy herinnering sal voortleef in die stories wat vertel word, die liefde wat hy gedeel het, en die lewens wat hy aangeraak het. Rus sag, Neels. Jou spore is diep getrap in Heilbron.



## Huppel Trippelaars

### "Down Memory Lane"

Nog 'n genoeglike oggend met "sing-a-long"-liedjies van laaaank gelede is saamgesing....kompleet met 'n Afrikaanse en 'n Engelse *medley* tussen-in. Wanneer laas het jy Dear hearts and gentle people, Cottonfields, Jamaica Farewell, Byeboerwa, Jan van Til (die Bosveldbul) of Koos Du Plessis se Kinders van die Wind gesing? Op die spyskaart vir later vanjaar is 'n Stapklub, Lyndanse en 'n Versier-jou-deur-kompetisie. Volgende program is 'n bespreking van alledaagse huishoudelike gifstowwe waaraan ons onwetend blootgestel word. Kom kuier gerus saam en geniet die ontspanne, gemoedelike saamkuiers in die eetsaal elke tweede Dinsdag-oggend om 10uur.






# Huis- & Tuinbouklub



*Op die foto vl: Magda Piater, Herman Claasen, Mari Myburgh, Erika Piater en Georgina Weiss.*

Met Woensdag, 19 Februarie 2025, se Heilbron Huis- & Tuinbouklubvergadering was die hoof uitgangspunt waar begin ek, as jong onervare tuinier of aan die ou tuiniers, om die geheue te verfris! Die volgende punte is aangeraak en is hoofpunte waarna 'n tuinier moet kyk om jou stukkie aarde mooi te maak.

**Grasperk**

Herman Claasen het ons meer oor die versorging van ons grasperke vertel. Wanneer jy aandag aan jou grasperk gee, en jy self die gras sny raak jy trots op jou harde werk en jou versorg dit dan soveel meer. Voor die reënseisoen, Julie tot Augustus-maand, moet jou kikuyu grasperk ge-"scarifly" word.

Dit is die verwydering van die boonste deklaag gras en droë materiaal, sodat net die wortels van die gras agerbly. Daarna word 'n roller met penne gebruik om gatjies in jou grasperk te maak. Om te verseker die roller penetreer die grond moet dit vooraf nat gemaak word. Kunsmis word dan gestrooi, verkieslik nie met die vrye hand nie, omrede dit onegalik is, 'n kunsmisstrooier werk die beste. Hou die gras nou gereeld nat. Opvolg kunsmis moet drie keer per seisoen gestrooi word, afhangende hoeveel bome in jou tuin is. Hou die kleur van jou grasperk dop, dit moet 'n mooi "blou-groen" kleur wees. Gras moet nie te kort gensy word nie, dit maak wit strepe. Sny verkieslik twee keer per week en in verskillende rigtings. Om 'n rollem grassnyer te gebruik is die mees ideaalste, omrede hy soos 'n skêr sny en die grasperk kry 'n mat voorkoms. Gesnyde oortollige gras word opgevang en gaan lê nie op die grasperk nie. Soms kom die klawertjie onder bome voor, moet hom nie verwyder nie dit groei mooi saam met die kikuyu.

**Snoei van bome en struike (Georgina Weiss)**

Snoei van bome en struike loop hand-aan-hand met tuinmaak. Snoeiwerk is belangrik omrede dit meer lig gee aan jou grasperk of blomme, onder jou bome. Snoeiwerk moedig nuwe, gesonde groei aan, en ook meer blomme en /of vrugte. Dit gee meer estetika en beskutting omrede plante in mooi vorms gesnoei kan word of om formele heinings te vorm. Tem die geil rankplante en bome wat in geute klouter. Tydens ryp- en ander winterskade raak ons ontslae van plantdele wat onder die winterskade deurgeloop het. Snoeiwerk hou ons tuine, reg deur die jaar, netjies.

Net voor die groeiseisoen is die ideale tyd om bladwisselende bome te snoei. Terwyl die boom sonder blare is, is dit makliker om die vorm van die boom te sien. Dis ook dan wanneer die boom meer sap begin produseer, wat die snoeiwond vinniger laat genees.

Wanneer 'n boom gesnoei word, raak ontslae van dooie, gebreekte, siek en probleemtakke.

Identifiseer die hooftak en behou drie of vyf sytakke. Snoei oortollige takkies van die sytakke af.

Staan kort-kort terug en neem jou handewerk in oënskou. Hou in gedagte om die sytakke nie plat en teenaan die hoofstam af te sny nie, maar 2,5 cm weg van die hoofstam. Dit verbeter die snoeiwond se herstelproses.

Hou in gedagte dat roosmaryn nie daarvan hou om te skerp terug gesnoei te word nie. Laventer moet ligter en meer gereeld deur die jaar gesnoei word, as ingrypend een keer per jaar. Stadig vrystellende kunsmis 3:1:5 is die beste voeding na 'n snoeiproses.

**Wenke vir jou tuin (Mari Myburgh)**

'n Tuin is jou persoonlikheid. Jou tuin moet jou passie wees, dit moet jou sintuie stimpuleer. Dit moet vir jou lekker wees, jy maak tog tuin vir jouself nie vir ander mense nie. Jou tuin moet aanpas by jou huis. Dit help nie jy het 'n groot huis, maar 'n bitter klein tuin nie - dit moet balans gee.

Beplan, teken jou tuin, dink groot en werk vandaar af, voordat jy enige plante gaan aankoop vir jou tuin. Die volgende belangrike punte moet jy identifiseer in jou tuin.

Identifiseer jou grondsoort. Watter gedeeltes, in jou tuin, is sand, leem of klei. Watter grond is suur of akalies, dit bepaal watter plante moet waar geplant word. Maak jou grond eers mak deur "present-plante", wat jy by jou vriendin of buurvrou verniet gekry het, net in te druk in jou tuin. Plante is baie duursaam en dis 'n goedkoop manier om jou tuin so te beplan. "Presentplante" is soos kannas - plant hulle waar jou toilet of huiswater uitloop. Hulle hou van water en sommige variteite het die mooiste blare, maar ongelukkig nie 'n mooi oog as hy droogte of winter beleef nie.

Agapanthus - groei fantasties onder bome met min water.

Daglelies - baie mooi verskillende soorte kleure.

Beskikbaarheid van water. As jy min water het, maak "klippe" tuin, maak planne. Water bepaal watter tipe tuin jy moet maak. Plant plante met dieselfde water behoeftes bymekaar.

Hande arbeid. Sonder arbeid kan jy nie klaar kom nie. Nie almal is tuiniers gebore nie. Baie hou van 'n mooi tuin, maar is ons lief vir tuinmaak?. As jy 'n passie het daarvoor sal jy ure insit en spandeer in jou tuin.

Ligging van jou tuin. Woon jy op die dorp of plaas. Dorpstuine kan baie mooier as plaastuine, as gevolg van die koue. Kyk waar is mure, vir beskutting teen ryp en koue, wanneer plante geplant word.

Identifiseer jou koelte en sonkolle in jou tuin.

Is jou tuin funksioneel? Is jou tuin gerieflik? Kan jy met die voertuig omdraai? Wat is jou behoeftes, daar moet 'n speel- en 'n braaiplek wees. As daar klein kindertjies in die huis is moet plante met dorings, die giftige maanblom en selonsroos, nie geplant word nie.

Ontwerp jou tuin. Jou finansies bepaal jou ontwerp en hoeveel jy kan spandeer in jou tuin.

Hou jy van 'n formele of informele tuin? Gebruik 'n warm songebakte tuinslang om jou rondings van jou beddings mooi uit te lê. Beplan jou rondings effektief vir die draai van die grassnyer. Elke jaar moet jou uitleg van jou beddings "hersien" word - plant weer gras in, indien die beddings te groot geword het.

'n Grasperk is 'n kunstenaar se skilderdoek. Mense sien eerste jou grasperk raak, voor hul na enige beddings kyk. As jou grasperk mooi is, is jou tuin ook mooi.

Met tuinbeplanning identifiseer jou "skou gedeeltes" in jou tuin. Verg daar baie aandag, omrede jou eerste indruk 'n blywende indruk is. Tuin by jou voordeur of waar jou gaste stilhou, moet 'n goeie indruk skep. Onthaal-area, plek waar kinders speel, agterdeur, wasgoedlyn, komposhoop moet mooi wees - waarvan jy hou.

Groente- en kruietuin lyk nie heel jaar mooi nie. Maak heininkies om dit - maak dit interressant. Groei saam met jou tuin.

Groepering en massa van dieselfde plante of kleur is die goedkoopste manier om jou tuin spesiaal te laat lyk, dit gee 'n mooi indruk. Persoonlike smaak speel ook 'n belangrike rol. Plante met wit blomme is 'n goeie fokus, dit gee kalmte en bring ander kleur blomme uit. Engelse sout is goeie "kos" vir varings.

Jy het nou jou tuin beplan, water en arbeid is in plek, dan moet jy kyk na jou gras en bestaande bome of bome wat jy in jou tuin wil behou. Bome gebruik die meeste water. Dan kyk jy na jou struike en jou "present-plante" en dan begin die groot tuinmaak.

Verskillende voorbeelde en soorte heinings is aan die dames gewys soos: Lemon & Lime Ligustrum, Elaeagnus, Euonymus, Viburum, Privet, Buxus en Sea Buckthorn. Nog staatmakers in jou tuin is Leylandi, Mirte boom, Vlasse, Nandina, Riskis & Aspidistras. Grondbedekkers is die bekende Creeping Jenny, Mondo gras, ivy's, vygie.

**Roostuin (Erika Piater)**

Plant rose vir kleur, geur en omdat jy daarvan hou. Kyk na die volgende indien jy rose wil plant.

Temperatuur - Rose hou van warm en droë toestande.

Lig - Plant rose aan die weste- of oostekant van jou tuin. Rose benodig 5 tot 6 ure direkte son. Hoe meer skaduwee, hoe minder gaan hul blom.

Grondtipe - Suurgrond met 'n PH van 4,5 tot 6. Suurtjies in jou tuin is 'n aanduiding waar die grond suur is. Indien jou grond te suur is, gooi kalk en blomswael dit maak alkaliese grond meer suur.

Water- Rose benodig ten minste 10 l water per week.

Indien jou grondtipe reg is kan jy voorberei vir die plant van rose.

Berei die hele bedding voor, en haal tenmiste 30cm van die grond uit - maak lekker los met 'n spitvurk.

Maak 'n voor, waar die rose geplant moet word. Meng 'n handvol organiese kunsmis, beenmeel en/of kunsmis met die uitgehaalde grond. Gooi die grond terug in die sloot of voor en maak papnat, sodat die grond kan sak. Maak 'n gat en sorg dat al die rose ewe hoog is - die okeleerlas moet 5cm onder die grond wees. Trap die grond vas en maak goed nat. Die ligborrels moet almal uit die grond om bywortels se groei te verseker. Rose soek lig, snoei hulle onder skoon, om siektes te voorkom. Gooi die eerste 2 / 3 weke net water, nie nog kunsmis nie. Maak 'n dammetjie om die rose. Plant rose in Februarie / Maart maand. Oorplanting is die beste tyd van Junie tot Julie-maand, na snoeityd.

Die maak van steggies is ook verduidelik. Herfs & lente is die beste tyd, omrede nie die strawwe hitte nie.

8:1:5 is die beste bemesting vir rose, ten minste 1 keer per maand. Bemes tot en met Maart-maand omrede die rose in hul rustydperk inbeweeg in die wintermaande.

Rose moet in wintermaande gesnoei word.

# Heilbron in skok na gewelddadige aanval op plaaslike veearts

Die gemeenskap van Heilbron is in skok na 'n onstellende voorval wat Saterdagaand plaasgevind het. 'n WhatsApp-boodskap wat vinnig versprei het, het inwoners ingelig oor 'n aanval op die plaaslike veearts, Dr. Piet van Zyl, en sy vrou, Rita. Volgens Dr. Van Zyl voer hy gereeld keisersnee uit vir diereienaars in Johannesburg, Soweto en ander gebiede. Dit was dus vir hom glad nie vreemd toe 'n Afrikaanssprekende nie-blanke man hom net voor 23:00 die aand gekontak het vir 'n noodkeisersnee op sy hond nie. Die man het beweer hy is in Sasolburg en sou 'n rukkie neem om by die praktyk aan te kom. Dr. Van Zyl vermoed dat die persoon moontlik al voorheen by die praktyk was en dus die perseel goed geken het. Die man het hom later weer geskakel en gesê hy is op die R57 en sou effens laat wees. Dr. Van Zyl het geen vermoede van gevaar gehad nie en het vir hom gesê om hom te bel sodra hy by die praktyk aankom. Kort daarna het die man weer geskakel en laat weet dat hy buite is. Dr. Van Zyl verduidelik dat sy vrou hom altyd na ure help met keisersneë. Toe hy en Rita die praktyk binnegaan, het hy opgemerk dat daar vier mans was, waarvan een in 'n silwer Toyota voertuig bly sit het. Hy het die deure oopgemaak sodat die hond ingebring kon word, terwyl die ander drie besig was. Skielik het hy gesien hoe die mans balaklawas oor hul koppe trek en een van hulle iets onder sy baadjie probeer uithaal. Uit pure oorlewingsinstink het Dr. Van Zyl die man gegryp voordat hy iets kon uithaal. 'n Heftige bakleiery het ontstaan. Intussen het een van die aanvallers verbygeglip en sy vrou, Rita, aangeval. Hy het haar selfoon en flitslig uit haar hand geslaan en haar op die oog en kop bygedompel. Tydens die worsteling kon Dr. Van Zyl daarin slaag om twee van die aanvallers uit die praktyk te kry en hul balaklawas af te ruk. Die bestuurder van die voertuig het intussen padgegee. Die aanvaller wat Rita beseer het wou moontlik vir Piet van agter af oorompel maar Rita het egter dapper opgetree en die aanvaller met 'n stok oor die kop geslaan, voor hy enige skade aan Dr. van Zyl kon aanrig. Die mans het ontsnap en die veld in gehardloop. Volgens Dr. Van Zyl was die polisie se reaksie op die voorval baie goed, en hulle het vinnig op die toneel gereageer. Dit was egter nie die enigste misdaadvoorval in die omgewing dié week nie – die plaaslike gholfklub was ook 'n teiken van misdaad, waar talle, items gewandaliseer en gesteel was. Die aanval op Dr. Piet en Rita van Zyl het 'n golf van skok en ontsteltenis deur die Heilbron-gemeenskap gestuur. Inwoners is op hul hoede en versoek dat daar meer veiligheidsmaatreëls in plek gestel word om soortgelyke aanvalle in die toekoms te voorkom.

Die Van Zyl's wil graag net die SAPD, Heilbron Beheer en Marshals Sekuriteit bedank vir hulle flinke optrede.

# Heilbron-inwoners sukkel steeds met lisensiekantore

Heilbron se inwoners ondervind groot uitdagings met die hernuwing van hul bestuurderslisensies, aangesien die plaaslike lisensiekantoor ongeveer twee jaar nie beskikbaar is nie. Dit dwing inwoners om na omliggende dorpe soos Reitz, Petrus Steyn en Frankfort te reis vir dienslewering. Ongelukkig is daar reeds talle klagtes ingedien oor die swak diens by hierdie kantore. Een van die mees onlangse voorvalle behels 'n inwoner wat drie keer na Frankfort moes ry om sy lisensie te hernu. Die laaste keer is hy egter weggewys, aangesien die kantoor glo vroeër moes sluit weens waterprobleme.

Volgens Tlhabanelo het hulle hulp ingekry om die stelsels te verbeter en inwoners word aangemoedig om hul klagtes te rapporteer. Enige persoon wat 'n klagte wil indien, kan die Adjunkdirekteur van Fezile Dabi, by 076 852 2983 kontak.






# Sterkte, Bella

• ***Anita Buitedag***

Die gemeenskap van Heilbron wens Bella Fernandes, 'n 13- jarige plaaslike inwoner, baie sterkte toe in haar voorbereiding om die mode-loopplank op Saterdag 1 Maart 2025 te betree in Brakpan, Gauteng. By die komende twee skoonheidskompetisies, waaraan sy gaan deelneem, nl. Miss Tourism 2025 en King and Queen of the World 2025!

Bella Fernandes is 'n skitterende ster in ons midde en het onvermoeid gewerk om haar talente te vervolmaak en haar skoonheid binne en buite, ten toon te stel.

Terwyl sy vir die kroon meeding, kan ons nie anders as om 'n oorweldigende gevoel van trots en ondersteuning vir hierdie talentvolle jong dame te voel nie.

Bella, jy het dit! Jou toewyding, passie en vriendelikheid is aansteeklik. Neem dan deel met volle selfvertroue en laat jou drome skyn!

Die gemeenskap van Heilbron staan bankvas agter jou!


# Blink uit in atletiek en mik na SA 2025

Die voormalige laerskoolleerling van Hoërskool Heilbron, Tiaan Britz, is tans besig met sy grootste en laaste jaar in skole atletiek. As matrikulant by Vereeniging Gimnasium streef hy daarna om vir die Gauteng-span te kwalifiseer en sy provinsie by die Suid-Afrikaanse kampioenskappe in 2025 te verteenwoordig.

Tiaan het sy talent weereens bevestig tydens die atletiekbyeenkoms op 25 Februarie by die DP-stadion in Sasolburg, waar hy eerste plekke behaal het in beide spiesgooi en diskus met indrukwekkende afstande. Verder het hy 'n derde plek in gewigstoot ingepalm. Sy volgende groot uitdaging lê voor wanneer hy op 7 en 8 Maart in Pretoria gaan deelneem.

Sy pa, Helgardt Britz, wat steeds baie betrokke is by Hoërskool Heilbron, doen 'n beroep op die gemeenskap vir enige finansiële bystand om sy seun se atletiekdrome te ondersteun. Enige donasies sal met groot waardering aanvaar word.

Tiaan het ook van die geleentheid gebruik gemaak om sy dankbaarheid uit te spreek teenoor Mnr. Johnny, meneer Peter Smith, juffrou Elsabé van der Merwe en Salomie Viljoen vir hul ondersteuning deur sy atletiekloopbaan. “Sonder julle sou ek dit nie kon doen nie,” sê hy met waardering.




E&E
REKENMEESTERS
Tel: 058 853 0931/2/3
Breëstraat 53, Heilbron

BELASTING KLERK
VAKATURE

Verantwoordelikhede
- Data vaslegging
- Opstel van Finansiële state
- Indien van belastingopgawes
- Kantooradministrasie

Vaardighede
- MS Office (Word, Excel)
- Pastel / TurboCash
- Kennis oor SARS Efiling
- Rekenaarvaardig
- Goeie menseverhouding en Kommunikasie
- Akkuraatheid van werk
- Rekeningkundige en belasting ondervinding sal voorkeur geniet.

Geskikte kandidate kan CV's epos na ezele@heilbron.co.za of inhandig by E&E Rekenmeesters se kantoor in Breëstraat.

Aansoeke sluit 14 Maart 2025



E&E
REKENMEESTERS
Tel: 058 853 0931/2/3
Breëstraat 53, Heilbron

DEBITEURE KLERK
VAKATURE

Verantwoordelikhede
- Invordering van rekenings
- Hanteer van fakture & rekenings
- Kantooradministrasie

Vaardighede
- MS Office (Word, Excel, Outlook)
- Pastel / TurboCash
- Rekenaarvaardig
- Goeie menseverhouding en Kommunikasie
- Akkuraatheid van werk
- Debiteure klerk ondervinding sal voorkeur geniet.

Geskikte kandidate kan CV's epos na ezele@heilbron.co.za of inhandig by E&E Rekenmeesters se kantoor in Breëstraat.

Aansoeke sluit 14 Maart 2025




# Wind en Weer kon nie Bronnies Kleuterland se Ouma- en Oupadag keer nie

Die wind het gewaai en die weer was onvoorspelbaar, maar niks kon die gees van Bronnies Kleuterland demp toe hulle hul jaarlikse Ouma en Oupa Dag met groot opgewondenheid gevier het. Annemarie, hoof van Bronnies Kleuterland, maak dit jaar na jaar haar missie om grootouers te bederf saam met hul kosbare kleinkinders, en hierdie jaar was geen uitsondering nie.


Met 'n Hawaiiaanse tema was die dag gevul met helder kleure, blomme en 'n heerlike tropiese atmosfeer, oumas en oupas het die geleentheid gehad om spesiale oomblikke saam met hul kleinkinders te deel. Dit is geen geheim dat 'n kleinkind 'n grootouer se hart se punt is nie, en daarom het Bronnies Kleuterland dit goedgedink om hierdie geliefde familieband te eer.


Die dag was gevul met heerlike kos, musiek en geselligheid. Daar was menige glimlagte en gelag te hoor terwyl grootouers en kleinkinders saam kuier. Dit was 'n dag van waardering en liefde – 'n herinnering dat die band tussen 'n ouma, oupa en 'n kleinkind een van die kosbaarste geskenke in die lewe is.

Al het die wind gewaai, kon dit nie die warmte en liefde van die dag wegwaai nie. Bronnies Dagsorg het weereens bewys dat tradisie en familie 'n wenresep is- ongeag die weer!










COC'S/ELECTICAL CERTIFICATE OF COMPLIANCE
WIRING & RE-WIRING
OFF-GRID SOLAR INSTALLATIONS
INDOOR/OUTDOOR LIGHTING
ULECTRIC
SOLAR AND ELECTRICAL
ELECTICAL REPAIRS
FAULT FINDING
EQUIPTMENT REPAIR
SOLAR BOREHOLE PUMPS
BACKUP SYSTEMS
Jannie 072 279 9299
WE DO COMMERCIAL AND RESIDENTIAL
Ulectric 084 499 9937

# KENNISGEWINGS

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. T 1925/2016 (V/A 407/2024)** passed by NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY favour of JOHANNES THABO MOFOKENG Identity number: 830411 5987 08 1 in respect of certain ERF 5517 PHIRITONA (EXTENSION 9), DISTRICT HEIBRON PROVINCE FREE STATE. INEXTENT: 455 (FOUR HUNDRED AND FIFTY FIVE) SQUARE METERS. which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds: FREE STATE at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at HEILBRON this 24 FEBRUARY 2025
**Applicant AMANDA ANNE SCHUTTE**
**Address 40 CHURCH STREET, HEILBRON 9650**
**Email address: aktes@corven.co.za**
**Contact number: 058 852 2035**

---


Heilbron Diereskliniek
Dr. Piet van Zyl

Alle aanbiedings geldig tot 1 Junie 2025.

- Spesiale aanbieding op alle honde kastrasies vanaf R800 tot 'n R1 000.
- Alle honde sterilisasies vanaf R1 000 tot R1 400.
- Alle 6/1 inentings R200

Vir enige navrae skakel
058 852 2297

---




ENKEL WOONSTEL TE HUUR
**Raubenheimerstraat 127 Heilbron**
Gratis water. Prepaid krag.
Afdak vir parkering.
Prys R3 000 per maand.
**Skakel 082 870 0454**

---

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller 081 849 1877**

---

*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus vir Hendie Lötter by
071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za

---




# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# SMALLS DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

---

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

---

DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

---

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

---

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!


---

**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



# HERALD *Sport*

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskaps-koerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Hendie 071 175 9807.










## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING 2025 JAARPROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| 15 FEBRUARIE, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 8 MAART, | 09:00 | SKIETOEFENING |
| 15 MAART, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 12 APRIL, | 09:00 | RIEMLAND OPE PRYSSKIET/SPANSKIET |
| 17 MEI, | 09:00 | CHASA KWALIFISERING/VERBETERING |
| 31 MEI, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 5 JULIE, | 09:00 | LANGAFSTANDSKIET |
| 16 AUGUSTUS, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 13 SEPTEMBER, | 09:00 | JEUGSKIETDAG |
| 4 OKTOBER, | 09:00 | GROEPERING SKIET/ TROFEE MEET |
| 7 NOVEMBER, | 18:30 | JAARVERGADERING: RIEMLAND TAK |

Vir meer navrae skakel:







**BKB**

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

## BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 3 MAART 2025**

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

**DINSDAG - 4 MAART 2025**

DEVON 2-Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

NEWCASTLE Maandelikse veiling
Kontak Trevor Ehrens 064 850 2930

STANDERTON/BETHAL: LA'VIE SA/VM STOET PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Dwars-in-die-weg
Kontak Erik Heymans 083 246 5177

ARLINGTON 2 Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

**WOENSDAG - 5 MAART 2025**

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

BULTFONTEIN twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

BLOEKOMSPRUIT Halfjaarlikse veiling.
Kontak SC de Jager 082 599 2312

**DONDERDAG - 6 MAART 2025**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

**VRYDAG - 7 MAART 2025**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

FRANKFORT: HARTEBEESFONTEIN MERINOS (ZAK NEL EN SEUNS) PRODUKSIEVEILING
11:00, Gholfklub
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012415/06